# 16. Emeritaatsversorging

## 16.1 RAPPORT DEPUTATE EMERITAATSVERSORGING: KRAGTENS KERKORDE, ARTIKELS 11, 13 en 20 (Artt 61, 64,143)

A. Ds EJ Tiemensma lewer die Rapport.
B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.
C. Ds PA Coetzee lewer die Aanvullende Rapport.
D. **Besluit:** Die Aanvullende Rapport word verwys na Kommissie Emeritaatsversorging.
E. Ds JC Aucamp rapporteer namens die Kommissie Emeritaatsversorging.

(Notules van die handelinge van die Deputate word as ongepubliseerde Bylaes bygevoeg.)

In hierdie afdeling word oor die algemene werk van die Deputate kragtens sy opdrag aan die Sinode gerapporteer.

F. **RAPPORT**

**1. Sake waarvan die Sinode kennis neem**

1.1 *Opdrag*
Om algemene sake rondom KO, artt 11, 13 en 20 te hanteer.

**Besluit: Kennis geneem.**

1.2 *Vergaderings*

1.2.1 Die Deputate Emeritaatsversorging (verkose lede Trustees en soos benoem) het minstens drie maal per jaar vergader om sake rakende PPF, EVT en Mediese aangeleenthede af te handel en aan opdragte uitvoering te gee. Notules van die handelinge van die Deputate word as ongepubliseerde Bylaes bygevoeg.

1.2.2 Konsultante van o.a. ABSA, SANLAM, Advantage en Liberty Mediese Skema het jaarliks met die Deputate vir voorleggings vergader.

**Besluit: Kennis geneem van 1.2.1 tot 1.2.2.**

1.3 *Interne werksaamhede*

1.3.1 Ter aanvang van werksaamhede deur die Deputate en Trustees vir die huidige termyn is ‘n opleidingsgeleentheid rakende pligte en verantwoordelikhede van Trustees en aanverwante sake gereël en aangebied.

1.3.2 Benewens ‘n werksverdeling in Kommissies om sake rakende PPF, EVT en Mediese aangeleenthede deurlopend te hanteer, is ook die volgende Komitees benoem om die vlak van werksaamhede te verhoog: Ouditkomitee, Koöperatiewe komitee (om op hoogte van pensioenwet, reglemente, ens te bly) en Dagbestuur (om bestuurs-funksioneel die werksaamhede van die Trustees te moniteer en te laat vlot).

1.3.3 Deurlopend is per vergadering aandag aan die uitvoering van Sinode-opdragte met behulp van ‘n standaardprosedurelys gegee.

1.3.4 ‘n Vraelys vir selfevaluering van Trustees is in gebruik geneem om twee maal per jaar die werksaamhede van hierdie Trustees toetsend aan die hand daarvan te verfyn en op ‘n hoë standaard te hou.

**Besluit: Kennis geneem van 1.3.1 tot 1.3.4.**

1.4 *Ander werksaamhede*

1.4.1 Klassisse en Kerkrade is van tyd tot tyd besoek en navrae is beantwoord.

1.4.2 Skrywes (korrespondensie) soos nodig en opgedra is deur die Dagbestuur afgehandel).

1.4.3 Reëlings is getref dat lede van die Deputate by geleentheid met die studente oor sake rakende die PPF en Mediese Fonds in gesprek tree.

1.4.4 Advantage het voorleggings oor die huidige stand van beleggings gedoen. Kernsake van hierdie voorlegging is in die Voorsittersverslag vervat en word in die Aanvullende Agenda opgeneem.

1.4.5 Die Trustees het alle sake in die standaardprosedurelys opgeneem waaraan in die volgende termyn aandag gegee moet word. Hierdie werkwyse dra daartoe by dat werksaamhede gekontinueer kan word.

1.4.6 Die name van kundiges om deur die Sinode vir 'n volgende termyn aangewys te word, is aan die Administratiewe Buro deurgegee.

1.4.7 Die versorging van emeriti uit die ou Sinode Middelande is deur die Deputate in behandeling geneem. Die rapport sal in die Aanvullende Agenda opgeneem word.

**Besluit: Kennis geneem van 1.4.1 tot 1.4.7.**

**2. Sake waaroor die Sinode besluit**

2.1 *Dankwoord*

2.1.1 Die personeel van die Administratiewe Buro betrokke by die werksaamhede van die Deputate Emeritaatsversorging word vir hulle werk bedank.

2.1.2 Die Deputate Emeritaatsversorging dank die kerke vir die vertroue in hulle oor die afgelope drie jaar gestel.

**Besluit: Goedgekeur.**

G. **AANVULLENDE RAPPORT**

**1. Agtergrond**

Daar is emeriti, weduwees en moontlik wese uit die voormalige Sinode Middellande wat nie behoorlik versorg word nie. In die lig van KO, artt 13 en 20 moet die Deputate hierdie saak onder die Sinode se aandag bring. Aangesien daar geen opdrag van vorige Sinodes is wat die spesifieke saak aanspreek nie, versoek ons Sinode 2009 om opdrag te gee aan die Deputate Emeritaatsversorging om die saak as deel van hulle opdrag te aanvaar.

**Besluit: Kennis geneem van agtergrond. Die versoek word goedgekeur.**

**2. Stigting van 'n Hulpfonds**

Die Deputate het reeds besin oor die stigting van 'n fonds wat hulp sal verleen aan emeriti en hulle afhanklikes, maar wat ook in die toekoms hulp sal verleen aan emeriti wie se pensioen uit die GKSA Pensioenfonds te laag is om eervol versorg te word. Hierdie hulp is in die besonder vir emeriti en hulle afhanklikes uit die voormalige Sinode Middellande. Daar is tans 'n bedrag van net meer as R16 000.00 in die kas van die voormalige Sinode Middellande.

**Aanbeveling:** Dat 'n hulpfonds gestig word en dat die beskikbare fondse uit die kas van die jong kerke vir dié doel aangewend word.

**Besluit: Goedgekeur soos gewysig.**

**3. Naam van die Fonds**

Thuso is sowel die Sotho as die Tswana woord vir "hulp".

**Aanbeveling:** Dat die naam van die fonds bekend sal staan as Thuso vir Emeriti (TVE).

**Besluit: Goedgekeur.**

**4. Verdere opdragte aan die Deputate**

Ons versoek Sinode 2009 om aan die Deputate die volgende opdragte te gee:

4.1 Bepaal die aantal predikante en hulle afhanklikes asook behoeftes en stel 'n lys op van almal wat hulp uit die fonds benodig.

**Besluit: Goedgekeur soos gewysig.**

4.2 Bou die fonds op deur donasies en/of ander wyses van fondsinsameling.

**Besluit: Goedgekeur soos gewysig.**

4.3 ‘n Gedeelte (nie meer as 50%) van die opbrengs uit die Fonds mag gebruik word vir uitbetalings. Ramings kan, soos deur die Sinode goedgekeur, gehef word om die fonds uit te bou.

**Besluit: Goedgekeur soos gewysig.**

4.4 Stel ‘n Reglement op vir die Thuso vir Emeriti. (TVE).

**Besluit: Goedgekeur.**

4.5 Die Deputate ontvang ‘n mandaat om in dringende gevalle op te tree na die beste wete van die Deputate, met verslag aan die volgende Sinode.

**Motivering:** Alhoewel dit ‘n baie wye mandaat is en nie ‘n wel omskrewe opdrag nie (KO, art 49), kan die Deputate nie nou al voorsien watter uitdagings met die stigting van die Fonds na vore gaan tree nie.

**Besluit: Goedgekeur.**

4.6 Twee broeders uit die voormalige Sinode Middellande moet aangewys word om op die Deputate Emeritaatsversorging te dien.

**Besluit: Goedgekeur.**